

30 Januarie 2014

Jaargang 6 – Uitgawe 43

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

SENTIK kyk met ywer vorentoe

Die manier waarop jy in die aand gaan slaap, bepaal dikwels die manier waarop jy die volgende oggend opstaan. Wel, dan bepaal die positiewe noot waarop ons 2013 in die Kerk kon afsluit, dalk ook die manier waarop ons 2014 aanpak!

Ek is dankbaar vir die besonder positiewe gees en konstruktiewe gesprekke tydens ons Kerk se 70ste Algemene Kerkvergadering. Daarna kon SENTIK se personeel, soos kerkrade en lidmate oor die land heen, hul werksaamhede vir die jaar afhandel met dankbaarheid teenoor die Here wat ons op die regte tyd rus en vrede gee.

Kersfees was weer eens, in die woorde van **dr Wian Kloppers**, 'n geleentheid waartydens ons met blydschap kon beleef dat die Kind van Nasaret opnuut in ons huise gebore is. Daarom is hy opgewonde dat hierdie Kind in ons huise sal grootword en mettertyd ons doen en late sal bepaal, só dat ons opstaan en gaan slaap deur sý lewensritme bepaal sal word.

SENTIK se produksiebestuurder en voorslagtaalversorger, **Tessa Oppermann**, haal Aristoteles se uitspraak aan: *Memory is the scribe of the soul*. Met dankbaarheid en mooi herinneringe aan die lewenservarings wat haar gevorm het, en met hoop en humor, verkry met trane en baie gebed, is sy vol moed vir die uitdagings wat voorlê.

Cecile Spies, ons bibliotekaresse, kyk met dankbaarheid teenoor die Vader terug op die vorige jaar. Liefde is die belangrikste en blywendste deel van ons menslike bestaan, en daarom is dit haar voorneme om in 2014 die liefde van Christus uit te leef sodat dit vir alle mense sigbaar sal wees.

Nándor Sarkady, die Kerk se kundige argivaris, is tans in die Kaap vir 'n konferensie oor die digitalisering van kerklike argiewe. Hy doen al sy werk met toewyding en pak die nuwe uitdagings van die elektroniese era met groot entoesiasme.

Ons jongste personeellid, wat al amper agt jaar by ons is, sien uit na 'n opwindende jaar vol nuwe dinge. **Izelle Marx** is een van ons grafiese ontwerpers, en sy put nog baie vreugde uit elke uitgawe van *Konteks*, *Die Hervormer* en die *e-Hervormer* wat soos klokslag verskyn en mooi daar uitsien. Sy weet dat 2014 aan haar persoonlik en aan SENTIK se personeel die geleentheid gaan bied om nuwe uitdagings aan te pak en nuwe vaardighede aan te leer.

Francis Nel, ons grafiese ontwerper wat sedert 2008 SENTIK se staatsmaker is by die ontwerp van die Kerk se korporatiewe identiteit, die jaarlikse kalender, alle groter ontwerpe soos plakkate en skyfiereekse, en ook ons skakel is by die verskillende webblaaie van die Kerk, keer eerskomende Maandag met nuwe ywer terug van kraamverlof. Sy sien baie uit na die vreugdes en uitdagings van ouerskap met haar en Pieter se pragtige babaseun Pieter Junior.

Vir baie mense is **Susann van Zyl**, die bestuurder van SENTIK se boekwinkel, die gesig van SENTIK. Jare lank bestel gemeentes hul boeke en tydskrifte by haar, en baie verteenwoordigers van gemeentes kom haal dit later persoonlik by haar af. Sy let op hoe blymoedig en positief die gemeentes se administratiewe personeel klink, en weet daarom dat die werk in die gemeentes met ywer gedoen sal word en dat bekommernis sal plek maak vir groter diensbaarheid in ons Kerk. Dan sal die Here se seën op die werk oorvloedig wees.

Dit is ons almal by SENTIK se ideaal om in 2014 op verskillende maniere vir die Kerk diensbaar te wees. Ons wil voortgaan om kerklike leesstof en toerustingsmateriaal van hoë gehalte te lewer, en het ook planne vir nuwe dinge wat ons gedurende die jaar wil aanpak. Ons vertrou dat al die lesers van ons kerklike publikasies saam met ons vreugde en vrug sal hê van die kerknuus wat ons versprei. Sodat ons saam met die Kerk in die voetspore van Christus kan volg, in diens van die Hemelse Vader wat ons almal geseën het met die seëninge van sy Gees.

Dr Wouter van Wyk, SENTIK

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep aanvaar

- **Prop A (Aniena) Prinsloo** (beroepafwagting) na Klerksdorp-Doringkruin (deeltyds)

Beroep bedank

- **Ds PH (Petri) van Rooyen** van Ruskoppies/Joachim Prinsloo na Delareyville

Vakante standplase

- **Gemeente Strand in die Wes-Kaap** beplan om hul **vakante standplaas** te vul. Hierdie is 'n gevestigde gemeente met preekpunte in die Strand sowel as op Hermanus. Dit bestaan uit ongeveer 278 lidmate waarvan 244 belydend is. 'n Groot persentasie van die lidmate is afgetredenes.

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op die bearbeiding van die jeug, bearbeiding van bejaardes en gemeentelike ontwikkeling. Saam met die projektekomitee moet bestaande projekte uitgebou word en nuwe projekte geïnisieer en geïmplementeer word waar nodig.

Die gemeente bied 'n pakket volgens die aanbevole skaal tot op vier diensjare, met reistoelae. Belangstellende predikante/proponente kan **voor 31 Januarie 2014** 'n volledige CV stuur aan jhdvb@vodamail.co.za. Vir navrae, kontak die skriba, oudl Japie Botha, by 021 851 6351 / 083 231 6321, of ds Chris le Roux, by 021 889 9603 / 079 495 3239.

- **Gemeente Wonderboompoort** in die ring van Noordelike Pretoria beplan om hul vakante standplaas te vul met 'n **deeltydse bediening**. Hierdie is 'n gevestigde gemeente met ongeveer 345 lidmate, waarvan 313 belydend is. 'n Groot persentasie van die lidmate is afgetredenes.

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die Woord suiwer te verkondig en al die gewone pastorale werk te verrig, met besondere klem op die bearbeiding van bejaardes en gemeentelike ontwikkeling, en om saam met die betrokke projekkomitees te werk om bestaande projekte uit te bou en nuwe projekte te inisieer en te implementeer waar nodig.

Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket met 'n duur van ten minste een jaar. Belangstellende predikante of proponente kan **voor 2 Februarie 2014** 'n volledige CV stuur na siegfrieds@telkomsa.net. Vir navrae, kontak die skriba, oudl Sieg Schwarzer, by 012 335 4181 of 083 288 2779. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

- **Gemeente Witbank-Suid** se gemeentebediening is vakant en die gemeente het opdrag gegee om die vakature te vul. Hierdie is 'n gevestigde plattelandse gemeente in Mpumalanga, deel van die ring van Bronkhorstspruit en met die potensiaal om te groei. Die gemeente bestaan tans uit sowat 190 belydende lidmate met ongeveer 96 besoekpunte wat in wyke ingedeel en in die dorp geleë is.



Prop Aniena Prinsloo Ds Petri van Rooyen

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om die gemeente met die Woord te bedien en, soos ooreengekom sal word, deel te wees van die bediening en dit verder te ontwikkel.

Die gemeente bied 'n onderhandelbare pakket. Stuur **voor of op 16 Februarie 2014** 'n volledige CV na nhkaws@gmail.com. Navrae kan gerig word aan: ds Naas Lombard (eerste Konsulent van die gemeente) by 082 261 3010, of Willie van Dyk (skriba/ouderling) by 082 887 5403. Slegs gekeurde kandidate sal vir onderhoude genooi word. Die gemeente behou die reg om kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, ook te oorweeg.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Ons het pas verneem dat **mev Isabella Barnard**, moeder van di Willem en Johannes Barnard, op 17 Desember oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan di Barnard en hul familie.
- **Mev HC (Pearly) Steenekamp**, weduwee van wyle ds JH (Jan) Steenekamp, is Maandagmiddag 20 Januarie aan 'n hartaanval oorlede. Die roudiens het op Vrydag 24 Januarie vanuit Gemeente Silverton plaasgevind. Sy was 'n inwoner van Palms Renaissance in Silverton. Ons innige simpatie gaan aan mev Steenekamp se naasbestaandes.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES**. Dis moeilik vir bejaardes om te erken dat hulle hulp nodig het, want dit kan beteken dat hulle besig is om hul onafhanklikheid te verloor. Wees egter op die uitkyk vir tekens soos onoopgemaakte pos, wasgoed wat ophoop, gewigsverlies of stampe en skrape aan die motor. Vir meer inligting, kontak die AGB (die ADV se Werkgroep vir Bejaardes) by 082 786 8448 of htvd@worldonline.co.za.

- In verlede week se *e-Hervormer* is die name gelys van die Kerk se predikante wat in 1989 georden is en vanjaar **25 jaar diens** in die Kerk vier. Die naam van **prof JD (John) Gericke** het ontbreek. Baie geluk ook aan prof Gericke, en dankie dat u ons laat weet het.

- Die Kommissie van die AKV het tydens hul vergadering van 16/17 Januarie besluit om **ds MM (Mariëtte) van der Berg** met onmiddellike effek uit die amp te onthef, omdat sy reeds geruime tyd in die buiteland is en by 'n ander kerkgenootskap inskakel.



Prof John Gericke

Ds Mariëtte van der Berg

- **Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)**
Amptelike opening

Datum: Dinsdag 4 Februarie om 09:00

Plek: Sinodale Kerkkantoor

Spreker: Dr Frikkie Labuschagne

Tema: *Sustainable youth ministry in the 21ste century*

- **RDV-inligtingsdag 8 Februarie Gemeente Wonderboom**

Die Kommissie van die ADV hou 'n inligtingsdag vir RDV-kommissies. (Sommige RDV's sal op 15 Februarie besoek word.) Die doel is om saam te besin oor die agendas van die vergaderings, en om kommissies van RDV's te help om die tema van armoede sinvol aan te bied en te bespreek. Ander sake sal ook hanteer word. Belangstellendes wat nie aan RDV's verbind is nie, is ook welkom – skakel net met Sonet by 012 322 8885 x221 of diens@diakens.co.za om reëlings te tref. Die program is soos volg: *Vrydagaand 7 Februarie om 18:00: Almal wat wil,*

kom bymekaar om armoede in Pretoria se strate te gaan ondersoek. *Saterdag 8 Februarie van 08:00 tot 14:00: Inligtingsdag by Gemeente Wonderboom.*

- 'n Inligtings- en Besprekingsvergadering met die tema *Waarderende ondersoek* word beplan vir **Woensdag 26 Februarie vanaf 09:00** by Gemeente Kempton Park-Oos. Ringskommissies word versoek om dié geleentheid te dagboek. Meer inligting sal later beskikbaar wees.
- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.
- Die **Ondersteuningsraad** voorsien tans 'n gedeeltelike studiebeurs aan 'n behoeftevolle Hervormde lidmaat wat **maatskaplike werk** studeer. Die omstandighede is sodanig dat die ouers geen finansiële bydrae tot haar studies, losies, etes, boekegeld of sakgeld kan maak nie. Die Ondersteuningsraad verneem graag of daar nie lidmate is wat bereid is om **die student se losiesgeld van R1 800 per maand te borg** nie. Enigeen wat bereid is om by hierdie aangeleentheid betrokke te raak, kan mev Mariaan Steenkamp kontak by 012 322 8885 x290.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Westonaria** vier hul 60ste bestaansjaar met 'n buitengewone erediens op **Sondag 2 Februarie** om 11:00. Oudpredikante en oudlidmate word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon. Kontak Eugienne Muller by die gemeentelike kerkkantoor by 011 753 1464 op Dinsdae, Woensdae en Donderdae van 09:00 tot 12:00, of ds Yolandé Benadé by 073 654 3144, of die skriba, Ben Greyling, by 011 753 1443 of 071 872 9517.
- **Ds F du C (Lappies) Labuschagne** vier sy **60ste ampsjubileum** op **2 Februarie** in **Gemeente Pierneef**. Ds Dries Beukes sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.
- **Ds D (David) Barnard** vier sy **25ste ampsjubileum** op **9 Februarie** in **Gemeente Magaliesmoot**. Ds Dries Beukes sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**
 - o Donderdag 30 Januarie: Di JA (Adriaan) Benadie (Ottosdal) en MCE (Eksteen) Botes (Nelspruit)
 - o Saterdag 1 Februarie: Di JS (Fanie) Naudé (emeritus) en AM (Andries) Nel (emeritus)
 - o Maandag 3 Februarie: Ds MH (Tinus) Mc Donald (siekte-emeritaat)
 - o Woensdag 5 Februarie: Ds L (Lisa-Mari) Swanepoel (Sasolburg-Suid)
 - o Donderdag 6 Februarie: Di AMT (Andorette) Hill-Jowett (siekte-emeritaat) en JA (Johan) Holtzhausen (beroepafwagend)

Beplande vergaderings

- o Donderdag 30 Januarie: Kernkomitee: Finansies en Administrasie
- o Saterdag 1 Februarie: Kommissie van die ADV
- o Maandag 3 Februarie: Redaksie van *Konteks*
Finkom van Bejaardesorg





- o Dinsdag 4 Februarie: Amptelike opening van AIM
NHSV Beurs-en-leningskomitee
- o Woensdag 5 Februarie: Dagbestuur van die Kinderhuise
- o Maandag 10 Februarie: Raad vir SENTIK

Kursusse en toerusting

- **BYBELSKOOL: Gemeente Montana**
4 Februarie tot 11 Maart, elke Dinsdagaand 19:00-20:30
Proff Theuns Dreyer en Ernest van Eck
Tema: *Hoe om die Bybel beter te verstaan*
Sluit in: Inleiding tot die verstaan van die Bybel; sosio-kulturele, politieke en ekonomiese omstandighede waarin die Bybel ontstaan het; godsdienstige agtergrond van die Bybel
R50 per persoon
Kontak gemeentelike kerkkantoor vir inligting en bespreking
012 567 1753 / nhkmontana@gmail.com
- **BEKENDSTELLING VAN VONKK-LIEDERE**
Na aanleiding van die AKV se besluit dat VONKK-liedere op 'n proefbasis in die eredienste gebruik kan word, nooi ons alle gemeentes (predikante, orreliste, eredienswerkgroepe en enige belangstellendes) uit na 'n bekendstelling van VONKK-liedere wat gehou sal word op **Saterdag 8 Maart** van 09:00 tot 13:00 by **Gemeente Pretoria-Oos**. 'n Seleksie uit die VONKK-liederskat sal bekendgestel word, asook die moontlike gebruik daarvan in eredienste. Daar sal gekyk word na die begeleiding van die liedere en die rol van 'n koor/kantory. Daar sal BAIE saam gesing en geluister word. Na afloop van die geleentheid sal gemeentes 'n goeie prentjie hê van die rykdom wat in die VONKK-liedere opgesluit lê en hoe dit in die erediens gebruik kan word.

Gemeentes wat nog nie by VONKK ingeskryf is nie, kan die nodige dokumentasie tydens die geleentheid invul, en geheuestokkies met die grepe van opnames van die liedere sal te koop wees. Die koste aan die oggend beloop **R50 per persoon**. Bespreek vroegtydig deur 'n e-pos te stuur na ptaos@nhk.co.za. Meld asseblief die gemeente asook die aantal mense waarvoor gereed gemaak moet word. Vir enige navrae, skakel ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979 (namens NHKA-medewerkers by VONKK).

Beskikbare behuising



Studente-akkommodasie
Universiteit Pretoria

Gemeubileerde kamers in private koshuis en kommunes beskikbaar vir studente
Naby Universiteit, sportgronde en inkopiesentrums
Vir Afrikaanse Christenseuns en -meisies

Vanaf R2 600

012 362 1192 / admin@tukiestate.co.za



- **Ons Tuis (Riviera, Pretoria)**, tehuis vir versorging van verswakte bejaardes, het tans plek beskikbaar. Ons bied u 'n volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
 - o 24-uur mediese versorging,
 - o 3 maaltye per dag,
 - o sekuriteit, en
 - o gereelde sosiale aktiwiteite.Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623. Aansoekvorms kan afgetrek word op www.otmt.org, of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms aan u te stuur.
- **Louis Trichardt Monumenttehuis in Danville** bied enkel- en dubbelkamer-inwoning vir **bejaardes** wat nog selfversorgend kan funksioneer. Aangename huislike atmosfeer, 2 etes ingesluit by losies, billike tariewe. Gereelde sosiale programme. Vir meer inligting, kontak mev Marie Hunter by 012 386 5310.
- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys**
Tans beskikbaar:
Versorging
1 dubbelkamer @ R5 800 per persoon
1 bed in 4-bed-kamer @ R5 800 per persoon
Selfversorging
1 enkelkamer @ R4 100
Bogenoemde sluit 3 etes per dag in
Een maal per week kamer skoongemaak en wasgoed gewas
Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede
- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
Die volgende akkommodasie is tans beskikbaar:
4 x kamers met eie geriewe, ontbyt en middagete ingesluit
Gesik vir selfversorgende bejaardes wat self hul kamer en wasgoed kan doen
Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
Kontak bestuurder, mev Mariana van Tonder, by 015 491 6314

Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**
Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel
In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)
Pryse tussen R150 en R200
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

Kampe en toere

- **Besoek Israel van 26 Maart tot 5 April**
Toerleier: Dr André Ungerer
Besigtig ook die wonder van Petra in Jordanië, die piramides en die sfinks
Skakel 018 468 5129 of 082 940 8201
E-pos: andreung@telkomsa.net
- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
15 dae op die voetspore van die eerste Christene
Toerleier: Ds Dries Beukes
012 654 3198 / 083 447 7943
Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
012 361 0579 / 082 560 4279 / louise.geyser@absamail.co.za

Tarentaalpan
JEUGKAMPTERRAIN THABAZIMBI

Beplan jy 'n jeug - of gemeentekamp?

23 km buite Thabazimbi

MAAK DIT 'N BOSVELDERVARING!

NET BUIE THABAZIMBI – ONGEVEER 2-3 URE VAN PTA EN JOHANNESBURG
 Loer by www.tarentaalpankamp.co.za | Besprekings: Rika 0832557963

- **Vrouekamp 2014: Vrydag 16 tot Sondag 18 Mei**
 Tema: *Wat is nuus?*
 Sprekers: Di Janine Bevollo-Manders en Antionette Janse van Rensburg
 Koste: R550 per persoon
 Kampgronde ongeveer 40 km buite Pretoria
 Kontak Jana Peenze by 083 734 5426 / janapeenze@vodamail.co.za
 of Stefanie Theron by 082 825 7944 / stef1@absamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Pretoria-Noord: Valentynsdans**
Vrydag 14 Februarie vanaf 19:00
 Skakel Eurita by 082 828 0811 vir meer inligting
- **Gemeente Tzaneen: Oskar en die pienk tannie**
Donderdag 27 Februarie om 19:00
 Sandra Prinsloo se eenvrouvertoning
 By Hoërskool Ben Vorster
 Kaartjies R110, R130 en R150
 Bespreek by Maryna Roodt by 015 307 4508 / 083 415 2851
 / nhkerktzn@mweb.co.za
 of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514 / richard@nhk.co.za

NHKA Onverwacht (Ellisras) Bou Kerk!
 Ondersteun ons teen slegs R100 per kaartjie en jy kan groot wen

1ste prys
 5 dae, 2 jagters + 2 nie-jagters, selfonderhoudend
 2 elandkoeie, 2 gemsbokke, 2 waterbokkoeie, 2 rooibokke, 2 vlakvarke
 Prys sluit in jagvoertuig, gids en slaggeriewe

2de prys: 3 slagbeeste
3de prys: 2 slagbeeste
4de prys: 2 slagskape
5de prys: 1 slagskaap
6de prys: Vleispak ter waarde van R1 000

Sluitingsdatum 31 Junie 2014. Trekking gedurende Julie 2014.
 Vir meer inligting, skakel Hanlie Thirion by 014 763 4944 (08:00-13:00)

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
Sluitingsdatum 31 Mei, trekking 1 Junie
 Kaartjies: R100 donasie, wen wild en verblyf
 Kontak Alida Reed 082 228 3552 / Chaan Bezuidenhout 082 853 5895

Basaars en markte

- **Saterdag 8 Maart: Gemeente Ebenhaézer (Ellisras): BoereRumoer**
Met Tjiff en Tjaff, Dewald Wasserfall, Jakkie Louw en Ricus Nel
R20 per volwassene en R10 per kind
Wen 'n Simmentalerstoet, jagpakket, vakansieverblyf en vleis
Kontak Rita Kern 083 328 4465 / Marian 084 745 1054 / ritakern1@yahoo.com

ANDER NUUS

- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend 'n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is 'n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of hoof@mdup.co.za vir meer inligting.
- **Vrydag 14 Februarie 19:00 vir 19:30**
Valentynsdinee en -dans vir Beeld-Kinderfonds
Casa Social de Madeira, Lynnwoodweg, Pretoria
R475, tafels vir 10-12 ook beskikbaar
Bespreek by info@beeldkinderfonds.co.za / 073 749 2697 / 011 976 2273
- **9-11 Maart: 3-dag-konferensie oor kerkstigting**
NG Kerk Moreleta, R300 per persoon
Vir meer inligting en registrasie, gaan na www.ekerk.org
of kontak natasha.felix@up.ac.za

Vroom of regsinnig?

TEOLOGIE IN DIE NG KERK

Hierdie boek herinner ons dat heelwat van die godsdienstige en teologiese probleme wat vandag aktueel is, reeds 150 jaar gelede aan die orde van die dag was. Om te sien hoe hierdie probleme destyds hanteer is, kan ons baie help om die hervormingsprosesse van nou verantwoordelik te laat verloop.

R150.00

E-aankope: www.bybelmedia.co.za of kontak ons by 0860 26 33 42

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief



kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Hartlike dank vir ds Etienne Fourie se gedagtes verlede week. So vroeg al as in Prediker 7 het die Here laat skrywe: *Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie uit wysheid dat 'n mens so sê nie* (1983-vertaling). Die verlede kan ons net leer wat om te vermy sodat ons nie weer die foute van die verlede sal maak nie, en tweedens om dit wat goed was, te neem en dit as wegspringplek te gebruik vir die toekoms.”

Ds Dirk Stoltz (emeritus)

AGTERBLAD

Nuwe jaargang vir die *e-Hervormer*

Met die volgende uitgawe van die *e-Hervormer* begin ons reeds met die sewende jaargang van ons gewilde elektroniese nuusbrief!

Die redaksie van *Die Hervormer* het geoordeel dat dit tyd geword het om 'n bietjie te timmer en te skaaf aan die formaat van die *e-Hervormer*, in 'n poging om dit meer lesersvriendelik te maak. Vanaf volgende week, die eerste uitgawe van die nuwe jaargang, is daar 'n paar nuwe dinge en ook 'n bietjie skaafwerk aan bestaande dinge.

Nuwigheids

- 'n Rubriek waarin die tema van die volgende week in die uitgebreide **liturgiese kalender** aangedui word. Dit gaan 'n bondige uiteensetting wees van watter gebeure in dié tyd in kerke dwarsoor die wêreld gedenk word. Die veronderstelling is nie dat hierdie 'n dwangbuis sal wees wat nou slaafs nagevolg moet word nie. Dis eerder 'n stuk bewusmaking van iets wat reeds oor eeue gebruik is in baie kerke. Prof Natie van Wyk sal die rubriek behartig en ons inlei in die kerklike jaar wat veral deur die Lutherse kerke gevolg word. Daar is ook ander indelings en gebruike wat later bekendgestel kan word.
- 'n Aankondiging oor interessante artikels wat in die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* verskyn met skakels wat lesers direk na dié artikels sal lei.
- 'n **Gebed** vir elke week.
- 'n **Lekkerleesbrokkie**.

Skaafwerk

- Alle berigte, ook kennisgewings van vakante standplase, moet **korter**. Ons plaas voortaan net die belangrikste inligting ten opsigte van alle berigte/kennisgewings.
- Die redaksie het, nadat wyd gekonsulteer is, besluit om die aankondigings oor basaars, markte, gholfdae, ensovoorts, te beperk tot verkieslik **drie tot vyf reëltjies** waarin slegs die belangrikste inligting soos datum, tyd, plek en kontakbesonderhede geplaas word. Kennisgewings sal normaalweg **net drie keer** geplaas word; gemeentes kan aandui watter uitgawes hulle verkies. Gemeentes is welkom om 'n langer betaalde advertensie te plaas sou hulle verkies om meer inligting deur te gee. Die tariewe vir die betaalde advertensies is uiters billik (sien bladsy 8).

Ons hoor graag van ons lojale lesers hoe hulle die veranderinge beleeft, en ons is natuurlik ook altyd oop vir voorstelle ter verbetering van die *e-Hervormer*.

Ds Etienne Fourie, subredakteur vir die *e-Hervormer*

- | | |
|------------------------|---------------------|
| Redakteur: | Ds David Barnard |
| Subredakteur: | Ds Etienne Fourie |
| Kerknuus: | Dr Wouter van Wyk |
| Teksversorger: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mej Izelle Marx |
| Advertensie-ontwerper: | Mej Izelle Marx |

